Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 29 NOV. 1944. No. 2.

## Voortrekkers Het Sosialisme Beoefen in Republieke

### Genl. Smith oor Gees van Helpmekaar

**Die sosialistiese of helpmekaar-gedagte as 'n wesenlike eienskap van die Afrikanervolk en hoe dit deur ons geskiedenis deur die Boereleiers uitgeleef is in die eerste republikeinse state, is deur genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., verlede Donderdagaand beklemtoon toe hy en die Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, 'n besoek aan die studente-arbeidskamp op die plaas van mnr. Jan Joubert naby Stellenbosch, gebring het.**

**Die kamp het onder toesig gestaan van hoofkomdt. dr. P. J. Coertze en mev. Coertze, en is ook besoek deur komdte. mev. Brink van Stellenbosch.**

Genl. Smith het verklaar dat alles wat ons op stoflike gebied doen, deur die geestelike bepaal word, en wat en hoe ons dit doen, hang af van jou geestelike toestand. 'n Kenmerkende eienskap van die Afrikaner in die verlede was nog altyd sy sosiale idee of helpmekaar-idee, soos ons dit voorheen genoem het. In dae van groot teenspoed en droefheid of in dae van groot voorspoed en vreugde het hierdie geestelike eienskap van ek is my broer se wagter nooit verlore geraak nie, dog konsekwent van ons nasiewording af tot vandag toe altyd weer die volk tot herstel na teenspoed gebring. Dit is die Afrikaner-sosialisme, om 'n nuwe term daarvoor te gebruik.

**VOORBEELDE**

Die republikeinse beweging in Graaff-Reinet het ten grondslag gehad hierdie onderlinge geestelike en stoflike versorging van die volksbewuste inwoners van daardie deel. So was die Groot Trek ook nie 'n onbeplande beweging van losstaande enkelinge of groepe nie, maar 'n georganiseerde beweging met die idee: een vir almal, almal vir een.

**Op die eerste staanplek aan die Vetrivier waar die verskillende groepe saamgetrek was, is gestig die Maatskappy van Emigrante-Boere. Hierdie woord „die maatskappy" vind mens dwarsdeur hul wette en regulasies met 'n besondere betekenis. „Elkeen wat behoeftig is of so geraak het as gevolg van die trekonderneming", is deur die staat stoflik gehelp, met 'n sentrale weeskamer wat moes toesien dat elke wees wie se ouers of broodwinners in die opbou van die maatskappy omgekom het, van grond voorsien is.**

In die Republiek Natal is dieselfde strewe van die Ossewabrandwag inderdaad uitgeleef wat hierdie kamp van studente weereens aan die buitewêreld openbaar. Die uitvlug uit Natal was weer 'n helpmekaar-beweging, die een steunende op die ander. So is die verskillende groepe van samelewings in Transvaal saamgebring. **Ons dink aan Ohrigstad, wat die gees van helpmekaar in wese en praktyk geopenbaar het toe hulle die koors en gevare moes trotseer. So ook Schoemansdal, Potchefstroom en Winburg.**

**SAL SEËVIER**

Daar was wel broederstryd in die verlede, maar dit het nie verhoed dat die volk hom elkemaal weer gevind het nie — en elke keer met die gedagte van help mekaar, red mekaar. Al die verraad en lelike dinge in ons volkslewe, al die verleiding en beloftes van die vreemde, selfs hierdie huidige bittere twis, kon daardie sosiale gedagte nie doodmaak nie, en aan u die studente wat in die praktyk daardie Christelike gedagte uitleef, kan ons die versekering gee dat met die geestelike beheersing van hul stoflike ondernemings dit wel sal gaan met ons volk en dat Afrikaner-sosialisme in Suid-Afrika gaan seëvier, het genl. Smith ten besluite verklaar.

Genl. Van Rooy het beklemtoon dat die gees om sulke werk te onderneem slegs binne die Ossewabrandwag moontlik is waar 'n gees van kameraadskap heers. Ons doen volksdiens en ons verrig landsdiens, het spr. gesê, maar hierdie diens word oorheers deur die godsdiens waarsonder die ander niks is nie. Dit is die enigste anker vir ons in die uitvoering van ons pligte teenoor volk en land.

## Stadsrade Vrees „Verderflike Invloed van Partypolitiek"

**'n Skerpe veroordeling van die invoering van partypolitiek in stadsrade en stadsverkiesings is verlede week deur mnr. Barry de Kock in sy voorsittersrede op die jaarlikse kongres van die vereniging van Vrystaatse stadsrade te Harrismith uitgespreek. Hy het die hoop uitgespreek dat hierdie euwel nie ook in die Vrystaat ingevoer sal word soos dit reeds in ander provinsies die geval is nie. Die Vrystaat is trots op sy stelsel van stadsbestuur, en dit moet onbesmet en vry gehou word van die verderflike invloed van die partypolitiek, het hy gesê.**

## VOER NOU MELK IN

### Eie Voorrade Weggegee

Die Voedselbeheerorganisasie van die regering is voornemens om maandeliks 250 ton blikkiesmelk in te voer na in die pers berig is. **'n Paar maande gelede is aangekondig dat die Unie net 7½ pers. van die gekondenseerde melk wat in die land geproduseer word, vir eie gebruik hou. Die res word uitgevoer na die Britse departement van voedsel. Tans is daar so'n tekort dat weer van elders ingevoer moet word.**

## WEDUWEE SE PENNING

**'n Treffende voorbeeld van opoffering is dié van twee ou moeders van Kroonstad, mev. Jordaan en mev. wed. De Bruin (twee susters) wat van hul enigste inkomste, naamlik pensioengeldjies, £1 bymekaar gemaak het vir die Noodhulpfonds en dit by geleentheid van 'n funksie op 2 September oorhandig het. — (Ingestuur).**

## O.B.-TAAL SEWE JAAR GELEDE

Enghartige politici beweer aanhoudend dat die Ossewabrandwag op vreemde lees geskoei sou wees. Hulle kan geen bewyse uit O.B.-verklarings of -getuigskrifte aanvoer nie en hoop dus maar net dat die volk hul blote verklarings vir soetkoek sal opeet. **Elke beleidspunt van die O.B. het egter organies gegroei uit die volksgedagte.** 'n Tipiese voorbeeld is o.a. die Spoorbondgedagte — 'n werkersorganisasie in die Spoorweë wat gebreek het met die klassegedagte van die ou vakbondbeweging. **Spoorbond wou alle werkers ongeag die soort werk wat hulle doen, saamsnoer in 'n nasionale werkersbond. Dit is dieselfde idee wat in die O.B. se arbeidslaer opgesluit lê en vandag verder ontwikkel is om die hele volk te dek.** As die Ossewabrandwag vandag sê die arbeider moet ook met sy volk skakel, dan kom dit ooreen met wat 'n tiental jare gelede al in Spoorbondkringe gesê is. So het wyle prof. J. Basson wat hom in die suide baie beywer het vir die Spoorbond by 'n geleentheid in 1937 op Goodwood die volgende uitdrukking gebruik wat omtrent niks anders as O.B.-taal is nie: **„Die volk is onbreekbaar aaneengeskakel. Ons kan geleerde en werker ewe min mis . . .** Julle moet besluit teen wie julle die grootste plig het, wie jul hoogste trou moet eis, jul volk of jul werk. Daar is geen twyfel nie. **U en ek wat vandag aan hierdie of daardie klas behoort, sal more dood wees en ons kinders sal ons klas nie meer ken nie. Maar ons kindskinders en hul kinders sal nog dieselfde Suid-Afrikaanse volk ken".**

## Stukkie Brood i.p.v. Kersgeskenk

### Oproep om Noodhulpfonds te Sterk

**Die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, doen 'n dringende beroep op Brandwagte om vanjaar in plaas van Kersgeskenke aan vriende te gee, die geld te stort in die Noodhulpfonds.**

**Naby 'n duisend Afrikaners het in die afgelope vier jaar deur die konsentrasiekamp gegaan vir die vryheid. Meeste van hulle het afhanklikes nagelaat wat geen ander hulp ontvang het nie as dié uit die Noodhulpfonds. Ongeveer £2,000 is maandeliks aan hierdie gesinne uitbetaal en nog steeds moet hierdie enorme bedrag gehandhaaf word, omdat daar nog 'n paar honderd geïnterneerdes in die kamp sit en tientalle wat uitgelaat is, nog sonder verdienste is. In plaas van 'n verligting het hierdie vrylatings eerder 'n swaarder eis aan die Noodhulpfonds gestel. Inmiddels word die tiranniese beleid nog steeds voortgesit en word nuwe slagoffers aangekeer.**

**Waarvan sal hierdie mense bestaan as die lede van die Ossewabrandwag nie self die hulp verskaf nie! Lede meen om die harte van hul dierbares bly te maak met 'n geskenkie op Kersdagoggend. Hierdie volksgenote sal op daardie oggend egter nie in staat wees om mee te doen aan daardie geskenk-uitdelery nie. In stede daarvan sal hulle hul bekommer oor wat in die nabye toekoms vir hulle wag — miskien honger en ellende indien hul mede-Afrikaners nie aan hulle dink nie.**

**Laat ons dan vanjaar die klein opofferinkie doen om sonder 'n Kersgeskenk te gaan ten einde ons kamerade in die kamp se afhanklikes van 'n stukkie brood te voorsien.**



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

**Pro Ecclesia-Drukkery**
(Edms.) Bpk.

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders
*Die Laan, Stellenbosch.*

## DIAMANTBRUILOF VAN O.B.-EGPAAR

Die twee oudste Brandwagte in die Bloukrans-kommando (Estcourt), oom Heinrich en tant Dora Erfmann, het hulle diamant-bruilof gevier op Maandag, 13 Nov. Oom Heinrich was op 20 Okt. 89 en tant Dora op 28 April 79 jaar oud. Hulle het vier kinders gehad, waarvan nog twee seuns en een dogter lewe.

Namens die hele Ossewabrandwag wens ons oom Heinrich en tant Dora van harte geluk.—(Ingestuur).

## O.B.-VROUE VAN WORCESTER HOU STRAATKOLLEKTE

Vir die derde agtereenvolgende jaar was dit die O.B.-dames en dogters van Worcester, wat met 'n straatkollekte 'n bedrag van £32 ingesamel het vir die O.B.-Noodhulpfonds. 'n Navolgenswaardige voorbeeld om diegene 'n kans te gee wat nie aan die Beweging mag behoort nie.

Die hoofkommandant wens almal te bedank wat gehelp en bygedra het.

# Wanvoorstelling Op „Mooi Manier"

Die Volksblad van 15 November stuur die volgende brokkie wanvoorstelling die wêreld in: „Aan mnr. W. Bloem het adv. Le Roux op 'n mooi manier verduidelik dat, **nou dat** die O.B. homself op politieke terrein begewe het, die konstitusie van die N.P. dit nie toelaat dat iemand aan albei behoort nie, ook dat onderhandeling met dr. Van Rensburg nie weer aangegaan kan word nie, daar hy telkens sy woord verbreek het en dat dit baie duidelik is dat dr. Van Rensburg nog nooit aan die Nasionale Party behoort het nie".

**Wanvoorstelling No. 1:** Dr. Malan se uitskopbevel is nie die gevolg van die O.B. se verklaring dat hy 'n parlementêre front gaan skep nie — die indruk wat mnr. Le Roux graag wil skep deur te praat van „nou dat". In werklikheid beskuldig dr. Malan die O.B. van politieke bedrywigheid sedert Augustus 1941. **Die uitskopbevel het gevolg op die Mentz-aanranding wat dr. Malan sonder ondersoek aan die Ossewabrandwag toegeskryf het, maar waarvoor hy later geskrik het. Op 25 Julie j.l. het dr. Malan sy oproep in die pers gepubliseer. Die Burger het die volgende opskrif daaraan gegee: „Rampokkery 'n klad op die land — Dr. Malan vra O.B.-lede om finaal te kies".**

Dr. Malan het maar gebruik gemaak van sy konstitusie om die uitskoppery moontlik te maak, en as gevolg van hierdie uitskopbevel het die O.B. aangekondig dat aangesien hulle nou onwelkom in die H.N.P. is, hulle hule eie parlementêre front gaan skep.

**Wanvoorstelling No. 2:** Waar en wanneer het dr. Van Rensburg sy woord „telkens" verbreek? Die waarheid is dat die O.B., die H.N.P. en die kultuurorganisasies in Junie 1941 'n onderlinge ooreenkoms aangegaan het om deur middel van 'n „Eenheidskomitee" saam te werk. Die voorsitter van die Eenheidskomitee het indertyd die posisie as volg uiteengesit: „In hierdie gees is deur die voorsitter toe op die Uniale Partykongres 'n voorstel gedoen met die strekking dat die ander volksorganisasies **met behoud van eie selfstandigheid** samewerking aan die party aanbied op die grondslag van die Verklaring en die Grondwet wat aan die partyleiers oorhandig is, en dan die leiding op partypolitieke gebied uitsluitlik van die H.N.P. of V. sou aanvaar, **nadat dit met algemene adviserende samewerking in die koördinerende komitee deur die party vasgestel is".**

**Dr. Malan het uit die staanspoor hierdie ooreenkoms verbreek deur in plaas van dr. Van Rensburg binne die Eenheidskomitee te nader i.v.m. sy besware teen sy Elsburgse toespraak, soos in die pers onvolledig gerapporteer, na die openbare verhoog te hol en die stryd sonder raadpleging van die komitee in die openbaar te sleep.** Dr. Van Rensburg het daarop die Eenheidskomitee byeen laat roep om die moeilikheid te skik, dog **dr. Malan het geweier om die vergadering by te woon.** Die voorsitter van die Eenheidskomitee het in dié verband as volg verklaar: „Die komitee het hierdie eise in sy vergadering op 1 en 2 September op Bloemfontein oorweeg, **in afwesigheid van dr. Malan, hoewel die vergadering juis op daardie datum en plek belê was omdat verneem is dat dr .Malan dan in elk geval daar sou wees . . . "** Dr. Malan het drie myl buite Bloemfontein gesit en geweier om na die vergadering te gaan, en daarmee het hy sy woord en ooreenkoms verbreek en hom aan samewerking met die ander organisasies onttrek. Hy wou oorlog hê met die Ossewabrandwag en hy wou die volk skeur ondanks sy plegtige ooreenkoms van 3 Junie.

**Wanvoorstelling No. 3:** Dr. Van Rensburg sou dan nog nooit aan die Nasionale Party behoort het nie! Is dit onkunde of kwaadwilligheid? Is mnr. Le Roux nie bewus van die feit dat 'n afvaardiging H.N.P.-lede dr. Van Rensburg in 1940 genader het om hom verkiesbaar te stel in Winburg — tans adv. Swart se setel — en ook in Fauresmith nie? Was hierdie H.N.P.-afvaardiging dan so dom om 'n Sap te gaan vra om as kandidaat vir hulle te staan?

**Weet mnr. Le Roux dan nie dat dr. Van Rensburg in 1924 aangestel was as privaat-sekretaris van Tielman Roos, Nasionale Partyleier van Transvaal, nie? Sou Tielman Roos dan nie geweet het dat hy 'n Sap as privaatsekretaris het nie?** In hierdie tyd het dr. Van Rensburg vir 'n tydlang ook in waarnemende hoedanigheid in die Nasionale Party-kantoor in Pretoria gewerk. Hoe dom van die Nasionale Party om 'n Sap in sy kantoor aan te stel!

In 1929 het dr. Van Rensburg in die verkiesingskomitee van adv. Charles te Water gedien. Hoe dom van 'n Nasionale kandidaat om 'n Sap in sy komitee aan te stel!

Maar vir mnr. Le Roux en Die Volksblad „is dit baie duidelik dat dr. Van Rensburg nog nooit aan die Nasionale Party behoort het nie"!

Miskien meen hulle dat hy al hier-

(Vervolg op bladsy 5, kol. 2)

MAATSKAPPYVERGADERING

# Spoorbondkas, Beperk.

## Jaarlikse Algemene Vergadering Van Aandeelhouers

**Toespraak deur Dr. F. J. Kritzinger, voorsitter van die direksie van Spoorbondkas Bpk., gehou op die Jaarlikse Algemene Vergadering van Aandeelhouers in Johannesburg op Dinsdag, 31 Oktober 1944.**

Here, — Die direksie lê hiermee die finansiële state vir die boekjaar 1943-1944 voor u.

In die boekjaar onder beskouing is die maatskappy se bedrywighede in sommige opsigte tot 'n aansienlike mate ingekort en in ander weer uitgebrei.

Soos in die vorige jaar se verslag meegedeel, was dit die voorneme van u direksie om die meeste van die takke wat destyds bestaan het, ook nog te sluit en sodoende bedryfskoste te verminder.

In werklikheid is die takke te Pretoria, Kroonstad en Germiston gesluit en Durban en Port Elizabeth in status verlaag tot 'n basis van invordering van uitstaande lenings; selfs hierdie twee takke sal binnekort gesluit word

Die sluiting van takke het, soos voorsien was, die gewenste uitwerking gehad in soverre dat besparing in bedryfskoste alleen met 'n bedrag van ongeveer £6,000 teweeg gebring was in vergelyking met die vorige jaar.

Die uitbreiding waarna hierbo verwys is, is in die verdiskontering van wissels en die aangaan van groter lenings.

Hierdie tipe besigheid is gesonder en meer winsgewend dan die gewone klein lenings waarop die maatskappy hom merendeels in die verlede toegelê het.

### NUWE BANKWET

In verlede jaar se verslag is die hoop uitgespreek dat ons bekragtiging van registrasie as 'n Deposito-nemende instelling sou ontvang. Registrasie is ons egter nog nie verleen nie.

Die Registrateur van Banke het ons meegedeel dat nog geen instelling geregistreer is nie, daar hy al die aansoeke gelyktydig wens te behandel.

### OUDITEURSSERTIFIKAAT

Dis met genoeë dat daar gekonstateer kan word dat die ouditeure die maatskappy felisiteer op die besparings wat aangebring en die wins wat afgewerp is.

### BALANSSTAAT

#### Aandelekapitaal

Die opbetaalde kapitaal het vermeerder van £41,781 in 1942-43 tot £42,039 in 1943-44, terwyl die ingeskrewe kapitaal gestyg het van £156,554 in 1942-43 tot £156,976 in 1943-44 en vandag op £159,648 staan.

Sedert 30 Junie 1944 is al die aandele in die maatskappy opgeneem met uitsondering van 352 „B"-aandele.

Hierdie opname van aandele is 'n baie bevredigende verskynsel.

### VASTE DEPOSITO'S

Vaste deposito's het gestyg van £580,966 in 1942-43 tot £582,467 in die boekjaar onder behandeling.

Ten spyte van die sluiting van die meeste takkantore het vaste beleggings nie slegs konstant gebly nie, maar selfs vermeerder.

### SPAARREKENINGS

In die spaarrekeningsyfer word 'n groot vermindering getoon, meestal as gevolg van die sluiting van Pretoria, Germiston en Kroonstad-takke en die verlaging in status van die takke te Port Elizabeth en Durban.

### BELEGGING IN GEBOU

Die maatskappy se gebou is nou tot voltooiing gebring en die volle bedrag van die verband van £70,000 was oorbetaal. Gedurende die loop van die jaar was 'n vermindering van £2,000 op die verband aangebring, sodat die verband nou op £68,000 staan.

Die gebou bly nog 'n goeie belegging en sy werklike waarde oorskry die boekwaarde met 'n aansienlike bedrag. Soos u sal bemerk, word die gebou teen £150,000 op die balansstaat vermeld.

### SPOORBONDKAS (Koöperatief) BEPERK

Finale likwidasie van Spoorbondkas (Koöperatief) Beperk is bereik en die voorwaardelike verpligting wat die maatskappy ten opsigte daarvan gehad het, het nou verval. 'n Bedrag van £1,993 is aan aandeelhouers van Spoorbondkas (Koöperatief) Beperk, ooreenkomstig die Akte van Oprigting van Spoorbondkas Beperk en volgens die vereistes van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, uitbetaal.

Die volgende tabel toon die verandering ten opsigte van die soort voorskotte aan:

### VOORSKOTTE

Korttermynlenings:
30/6/'43, £153,351; 30/6/'44, £113,128
Lopende Rekenings:
30/6/'43, £284,769; 30/6/'44, £320,581
Lenings teen Eerste Verband.
30/6/'43, £62,855; 30/6/'44, £45,123
Diskonto's ... ... ... 30/6/'44, £34,000

Korttermynlenings het met 'n bedrag van ongeveer £40,000 gedaal teenoor 'n vermeerdering van £36,812 en £34,000 ten opsigte van lopende rekenings en Diskonto's, onderskeidelik.

Hierdie wisseling strook met die beleid van die maatskappy soos vroeër in hierdie verslag gemeld is.

Die verband op vaste eiendom is verminder van £62,855 tot £45,123. Die rede hiervoor bestaan in die feit dat die maatskappy die sienswyse toegedaan is dat die direksie nie sy fondse in verbande winsgewend kan belê nie in wedywering met bougenootskappe nie. Verder is dit die beleid van die direksie om die fondse sover moontlik liquid te hou.

### WINS- EN VERLIESREKENING

Gedurende die boekjaar geëindig 30 Junie 1944 is 'n wins van £4,326 afgewerp in vergelyking met £9 15s. 9d. in die vorige boekjaar.

Dit dien egter gemeld te word dat gedurende die afgelope boekjaar bedrae van £608 17s. en £700 19s. 9d. uitebetaal is, t.w. 4 persent rente op vooruitbetaalde oproepe op aandelekapitaal en inkomstebelasting vir 1942 onderskeidelik.

Die netto rente-inkomste van £16,530 is £8,954 meer as verlede jaar.

Die gebou se huurinkomste is hierdie jaar £2,143 meer as in die vorige boekjaar, daar die volle voordeel van die huur van die gebou gedurende hierdie jaar geniet is.

Te danke aan die sluiting van takke en ander besparings is die administrasiekoste van £24,891 verminder tot £19,012.

### DIREKTORAAT

Die direksie bestaan uit die volgende here:

Dr. F. J. Kritzinger (Voorsitter); Dr. H. G. Luttig, Mnr. L. P. van Zyl-Ham, Mnr. H. H. Moll.

Dit is met diepe leedwese dat u direksie die afsterwe van mnr. K. T. Wilz moet meedeel. Sy heengaan word betreur daar hy altyd 'n krag vir die maatskappy was.

Die maatskappy het dit gelukkig getref om die dienste van mnr. L. P. van Zyl-Ham in die plek van mnr. K. T. Wilz te verkry .

### WINSVERDELING

Die wins gedurende die boekjaar afgewerp, sal aangewend word om die maatskappy se posisie verder te stabiliseer.

### WAARDERING

Aan alle beleggers, aandeelhouers, belangstellendes, ouditeure, die personeel en alle ondersteuners, spreek ek my innige waardering uit vir hulp en bystand.

Ek stel voor dat die direksieverslag sowel as die finansiële state soos voorgelê, aangeneem word.

Mnr. P. A. Wilken het hierop die voorstel van die voorsitter gesekondeer en sy waardering teenoor die voorsitter en die direksie uitgespreek vir die wyse waarop getrag word om die maatskappy te behartig.

(Advt.)

# Wetgewing Ses maande Gelede „Bespreek" En Nog Niks Gedoen

## Partypolitieke Geklik-Klak Onderwyl Kewergevaar Epidemie Word

**Ses maande gelede het dr. E. G. Nel, Insektekundige in die Departement van Landbou, die oë van die publiek by herhaling gevestig op die groot gevaar van die Italiaanse kewer, 'n nuwe gevreesde houtplaag wat omtrent twee jaar gelede in die Kaapse Skiereiland ontdek is, en wat 'n verwoester van huise is. Dit verteer al die houtwerk in 'n gebou totdat die dak op 'n dag sonder waarskuwing ineenstort.**

Dr. Nel het ses maande gelede aangekondig dat die plaag besig is om vinnig uit te brei in Kaapstad, en dat dit alleen deur wetgewing bestry sal kan word. Hy het toe die publiek probeer troos met die versekering dat die regering die vraagstuk van wetgewing „onder bespreking het". Die O.B. het na aanleiding hiervan as volg geskryf: „Nadat die plaag vir meer as 'n jaar gelede ontdek is, het die lustelose klomp demokrate darem nou so ver gevorder dat hulle die bedreiging begin bespreek. Oor 'n paar maande — indien ons wil deurgaan vir optimiste — kan 'n voorstel om die gevaar te ondersoek, verwag word, en daarmee sal die demokrate 'n nuwe jaartaak verrig hê. Dan sal dr. Nel kan aankondig dat die bestryding van die gevaar ,nie meer heeltemal in die verskiet' is nie. Suid-Afrika se redding sal egter heeltemal in die verskiet bly tot tyd en wyl 'n gesagstaat verrys wat deur optrede gekenmerk sal word en nie deur ,besprekings' nie".

### EPIDEMIE

Tans moet ons bely dat ons te optimisties was. Verlede week het dr. Nel weereens 'n noodkreet opgestuur wat op sy meeste slegs 'n dowwe weerklank teen die mure van die leë parlementsgebou kon uitlok. **Hy het aangekondig dat die plaag nou 'n epidemiese omvang aangeneem het en dat soveel as nege uit elke tien huise in sekere plekke van die skiereiland besmet is. Met die nadering van die warm weer breek die tyd vir die kewer aan om te vlieg, wanneer die gevaar versprei sal word. Nog het daar geen wetgewing of optrede van owerheidsweë gekom nie.** Dr. Nel is 'n roepende in die woestyn. Soos 'n ywerige en lojale waghond blaf hy die gevaar aan onderwyl die maghebbers rustig voortsluimer.

**Die politici in wie se hande die staatsmag is, is heel bedrywig — lees maar hul koerante. Dis die een kongres na die ander en die een vergadering op die ander, maar alles net met die oog op behoud van hul mag — niks om iets tasbaars in verband met Suid-Afrika se vraagstukke te doen nie.**

### „BINNEKORT"

En so het dr. Nel na ses maande nou weer die troos nagelaat: „Die vraagstuk het epidemiese omvang in die Skiereiland bereik, en wetgewing deur die regering kan binnekort verwag word".

Die moeilikheid is nie dat die regering nie weet wat om te doen nie. Dr. Nel gee self aan die hand wat hy beskou as die enigste redmiddel, naamlik verwydering van besmette hout en die behandeling van alle nuwe materiaal. **Binne 'n gesagstaat waar die regering volmag het om op te tree in die landsbelang, en nie al sy kragte en aandag moet verspil in 'n troostelose stryd teen die opposisie nie, sou dit net mooi 'n paar minute geneem het om die nodige wetgewing deur te sit en die middele te verskaf vir die uitdelging van die plaag solank dit nog binne beheer is.** Maar die demokrate en partypolitici is veel meer bekommerd oor hul setels en groenkussings as oor die woonhuise van die volk. **Vir byna twee jaar lank word die plaag toegelaat om voort te woeker totdat dit net soos die Argentynse mier buite beheer sal raak.** Dan sal die koste te groot wees om dit aan te pak.

Ses maande gelede het hulle glo die saak „bespreek". Intussen is hul kragte opgeëis vir partykongresse en politieke vergaderings en dinees.

**SUID-AFRIKA IN DIE KLOUE VAN DIE PARTYPOLITIEK!**

## OHRIGSTAD HERDENK VOORTREKKERS

### Oproep om Geldelike Steun vir Monument

Mnr. P. D. Rautenbach, sekretaris van die eeufeeskomitee, Ohrigstad, doen 'n beroep in verband met die oprigting van 'n monument ter ere van kommandant Andries Hendrik Potgieter, die groot Voortrekkerleier, en sy volgelinge wat hulle in die winter van 1845 in die omgewing van Ohrigstad gevestig het. Die monument sal die vorm aanneem van 'n groot gedenksaal wat genoem sal word die Andries Hendrik Potgieter-Gedenksaal.

Die plaas Strydfontein wat deur Potgieter as woonplek uitgekies is, is vandag 'n modelplaas in die omgewing en dele van die oorspronklike opstalle staan nog. 'n Stuk van die ou Laermuur wat deur die Voortrekkers opgerig is om hulle teen aanvalle van die kaffers te beskerm, staan nog. Die plan is om hierdie oorblyfsels onder dak te bring en teen verdere verwering te beskerm.

Die plan bestaan om die Sentrale Volksmonumente-komitee te nader om die Gedenksaal en die ou Laermuur onder hul beskerming te neem onder bepaalde voorwaardes.

'n Beroep word gedoen op alle Afrikaners en organisasies om hul morele en geldelike steun sodat 'n waardige monument opgerig kan word ter ere van ons Voortrekkerhelde.

Alle bydraes sal in die pers erken word en ook geregistreer word in 'n Gedenkboek wat opgestel sal word vir naamtekeninge van besoekers.

Die feesviering vind plaas van 12 tot 15 Julie aanstaande jaar. 'n Groot aantal verteenwoordigende sprekers sal optree, o.a. die volksdigter Totius (prof. dr. J. D. du Toit van Potchefstroom).

## „STREWE NA 'N REPUBLIEK"

Op Rustenburg sê mnr. J. G. Strydom, H.N.P.-leier in Transvaal, dat die O.B. nooit tevore 'n politieke organisasie was nie **„en dat daar ook geen woord van 'n republiek in sy konstitusie gerep word nie.** Die O.B. het as kultuurliggaam ontstaan en as sodanig het spr. en ander Nasionaliste daartoe behoort en is Nasionaliste aangespoor om lede te word".

In 'n verklaring wat deur die **Federale Raad van die H.N.P.** in 1941 uitgereik is, staan die volgende aangeteken op bladsy 9: „Ons het die Ossewabrandwag nodig aan die een kant en die politieke party aan die ander kant. Die een moet die ander aanvul. **Albei organisasies strewe na 'n republiek en die verkryging van 'n doelbewuste sterk volkseenheid".**

## NET 45

Die Arbeiderspartyblad, Labour Bulletin, bevat in sy jongste uitgawe 'n almintige ondertekende oproep van 45 „Suid-Afrikaanse soldate in Italië" wat eis dat fascisme in Suid-Afrika, soos verteenwoordig deur die Ossewabrandwag en Broederbond, uitgeroei moet word.

**Ons wens die blad geluk met sy 45 naamtekeninge uit 'n leër van etlike duisende. Ons is bewus dat die kommunistiese pers 'n tyd gelede aangekondig het dat uit Kaapstad twee organiseerders van die Kommunistiese Party by die leër aangesluit het. Dat hulle nog maar net 45 bekeerlinge gekry het, is besielend.**

## UITERMATE OOREIS

By geleentheid van 'n Verenigde Partyvergadering in Johannesburg verlede week het min. S. F. Waterson gesê dat die Unie genoeg motorbande produseer vir sy eie gebruik, maar 80 persent uitvoer in belang van die oorlog. **„Daarom moet burgerlikes daarsonder gaan"**, het hy gesê en bygevoeg dat **„die Unie die hele vasteland van Afrika van buitebande voorsien"!**

Die reaksie van die vergadering was dat dit 'n mosie aangeneem het waarin hulle besorgdheid uitspreek oor die toenemende ontevredenheid by partyondersteuners teen die regering en dat hulle voel die lojaliteit van die Verenigde Party-lede word uitermate ooreis.

## AANPASSING

„Ons kan aanneem dat as **Duitsland** die oorlog wen, hy die Britse Ryk sal wil verswak. Dit sal hy doen deur daarop aan te dring dat die volke binne die Ryk wat vry wil wees, van die Britse Ryk losgemaak word. **Op hierdie punt stem die Duitse begeerte en ons strewe ooreen".** (Dr. Malan, 17 Julie 1941 te Graafwater).

„Spr. sê hier aan die Engelse handel wat vyandig teenoor die Afrikaner en sy ideale staan, dat rekening daarmee gehou moet word dat **Amerika** daardie ringmuur om die Britse Ryk **van buite wil afbreek en die Afrikaners wil dit van binne afbreek".** — (Dr. Malan, 3 Nov. 1944 te Piketberg).

Intussen verneem ons dat die Ossewabrandwag van koers verander het en dat hy Duitsland „in die steek gelaat het"!

## O.B.-DAG OP MERWEVILLE

Merweville se funksie vir Ossewabrandwagdag op 10 Nov. het sowel wat opkoms as insameling betref, 'n groot verbetering op verlede jaar getoon. Die totale opbrengs was £65, waarvan £32 deur die vroue met woekergeld ingebring is. Korporaal mev. E. Hugo het £11 met haar 2/6 verdien en veldkt. mev. M. Erasmus £10. Die opbrengs vertoon goed vergeleke met verlede jaar se £27.

Ons het die voorreg gehad om die dag ook ons Gebiedsleier, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl in ons midde te hê. Sy toespraak het 'n wonderlike gees onder ons gebring.—(Ingestuur).

Laat die Erwe van die Vaders,
vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk

Posbus 46, Foon 62-1764

MARAISBURG

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6306.

AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekers en verskeie eerste pryse op Paarl Wyntentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,

„EXCELSIOR"

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

| | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|
| Spesiaal .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- |
| Rooi Jeripiko .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Wit Jeripiko .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Malmsey .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- |
| Soet Muskadel — rooi | 1/8 | 7/6 |
| Soet Muskadel — wit | 1/8 | 7/6 |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 7/6 |
| Port .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Pontak .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Worcester Hock .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| Moskonfyt .. .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gel. karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?

Bring dit na ons en sien die resultaat!!

ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.

ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.

Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.

Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.

VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

KARROO VLEISBEURS BEPERK

Posbus 33 GERMISTON — Posbus 402 BLOEMFONTEIN — Posbus 765 PORT ELIZABETH

Telegrafiese adres van alle takke: CARO.

(Verteenwoordigers van die Voedselkontroleur)

(1) K.V.B. is die ENIGSTE boere-organisasie (Groot- en Kleinhandel) wat die bemarkingsproses van vleis van die produsent tot by die konsument deurvoer. GEEN SPEKULATIEWE OMWEË NIE.
(2) K.V.B. besit grondige kennis van vleisbemarking in al sy vertakkings:
(3) K.V.B. kan al u slagvee onder die vleisskema met sukses hanteer.
(4) K.V.B. sal slagvee afsendingspermitte van enige van bogenoemde adresse vir u op aanvraag reël.
(5) K.V.B. reken sonder oponthoud af.

KARROO VLEISBEURS BEPERK

VIR DIE BEMARKING VAN SLAGVEE

# Poedelnaak?

Met die resep voorhande dat die volk gou vergeet, word Afrikaners vandag deur H.N.P.-politici op gewetenlose wyse teen die Ossewabrandwag in die harnas gejaag. Ons sal dan nou kommuniste word omdat ons praat van sosialisme en van 'n sosiale revolusie; ons sou dan onnasionaal wees omdat ons die parlement wil afskaf en ons sou 'n diktatuur voorstaan omdat ons van 'n gesagstaat praat. Ja, die Ossewabrandwag word daarvan beskuldig dat hy in die afgelope tyd die grootste bolmakiesie geslaan het waartoe enige politieke beweging nog ooit in Suid-Afrika in staat was. **Hierdie dinge kan alleen gesê word omdat die volk gou vergeet.** Daarom wil ons met 'n paar donderende voorbeelde aantoon wie die bolmakiesieslaners is en wie nog by die beginsels staan wat die hele Afrikanervolk in 1940 gehuldig het.

Mnr. Otto du Plessis, redakteur van Die Oosterlig, val in 'n hoofartikel van 13 November j.l. die Ossewabrandwag aan omdat genl. J. A. Smith verklaar het dat die kandidaat wat die Ossewabrandwag se steun wil hê, **moet onderneem dat hy die parlement se nek gaan omdraai.** Hy skryf:

„Maar elkeen wat die Afrikanervolk ken, weet dat ons volk nooit sal afsien van die wese van gesonde demokrasie of ware volksregering nie. Die O.B.-leiding daarenteen glo nie aan 'n volksraad nie. Hy wil die ‚parlement se nek omdraai'. **En die enigste alternatief vir volksregering is 'n militêre diktatuur. Dit is wat die O.B.-leiding begeer, en dit is 'n stelsel wat nooit deur die Her. Nas. Party of die Afrikanervolk aanvaar sal word nie. Die ‚gesagstaat' wat die O.B.-leiers bepleit, is niks anders as 'n diktatuur nie en is iets wat totaal vreemd is vir die Afrikaner".**

**SOOS VANDAG**

Hier gee mnr. Du Plessis die houding weer van die H.N.P. soos dit vandag aan die volk voorgehou word en as oorsaak gebruik word vir die vernietiging van die Ossewabrandwag. Maar wat het dieselfde mnr. Otto du Plessis vier jaar gelede gesê toe sy party nog vrede met die Ossewabrandwag gehad het en toe dr. D. F. Malan namens die Federale Raad hom as volg oor die demokrasie uitgelaat het: **„Wat ook ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees!"**

In 'n brosjure met die titel „Die Nuwe Suid-Afrika — die Revolusie van die Twintigste Eeu" en wat in 1940 vir 1s. verkoop is, het mnr. Otto du Plessis, redakteur van Die Oosterlig, as volg geskryf:

**„Die parlementarisme het op die vasteland van Europa meer en meer tot korrupsie en uitbuiting gelei . . . (bl. 9) Selfs al sou daar op 1 September verlede jaar geen oorlog uitgebreek het nie, sou die geleidelike vervanging van die ou demokratiese orde deur die nuwe orde sy gang gegaan het. Maar toe kom die oorlog, en die proses is honderdvoudig verhaas . . .** (bl. 11). Die Afrikanerdom die enigste werklike volk in die Unie, het onder die ingevoerde Britse stelsel, 'n skakering van die demokratiese orde, geen volle staatkundige, ekonomiese en maatskaplike vryheid geken nie. **Hy smag dus uit die aard van die saak na 'n nuwe stelsel, 'n nuwe orde wat ware volksvryheid op alle gebiede van die lewe sal meebring (bl. 19)".**

Maar vandag sê dieselfde redakteur van 'n H.N.P.-koerant dat die Afrikanervolk sy parlement wil behou en dat die Ossewabrandwag vernietig moet word omdat hy daardie parlement se nek wil gaan omdraai. Wie het nou bolmakiesie geslaan?

**GISTER**

Op bladsy 24 sê mnr. Du Plessis: **„In die vrye Republiek van die Nuwe Suid-Afrika kan die huidige bestuursvorm nie bly voortbestaan nie. Dit spreek vanself.** Die parlementarisme met sy seremonies en prosedure, is 'n Britse instelling wat nog altyd vreemd is vir die Afrikaner . . . .

**Deur middel van 'n sterk gesentraliseerde bestuursvorm kan Suid-Afrika omgeskep word in die eenheidstaat wat hy behoort te wees".**

Maar nou verneem ons uit dieselfde pen dat die gesagstaat wat die O.B.-leiers bepleit, totaal vreemd is aan die Afrikanervolk! Wie het dan bolmakiesie geslaan?

Die Ossewabrandwag word nou deur dr. Malan en sy pers beskuldig dat hy nie meer na 'n republiek strewe nie. **Maar wat anders wil ons dan doen as ons die Britse parlement se nek wil omdraai?** En as mnr. Otto du Plessis slegs vier jaar gelede nog verklaar het dat die „vrye Republiek van die Nuwe Suid-Afrika" nie die parlementêre stelsel kan handhaaf nie, **moet ons nou aanneem dat die H.N.P.-leiding, wat tans so besorgd is oor die Britse parlement in Suid-Afrika, ook nie meer dink aan 'n vrye Republiek nie? Of is dit alles poedelnaakte politieke oneerlikheid?**

# Kerenski's en hul Opvolgers

(Deur prof. J. A. Wiid)

In Maart 1917, onder die druk van Wêreldoorlog nr. 1, het die groot Russiese revolusie in die destydse hoofstad Sint Pietersburg uitgebreek. Die Tsaar Nikolaas II moes afdank en 'n nuwe regering onder Kerenski het aan die bewind gekom. Die nuwe regering het met 'n pragtige program voor die dag gekom: Amnestie, gewetens- en persvryheid, 'n demokratiese grondwet waarvolgens mans en vrouens bo 18 jaar die stemreg sou geniet, afskaffing van die doodstraf, ens. ens.; voorwaar vir die tsaaristiese Rusland 'n revolusie van die radikaalste soort. Die nuwe regering sou die oorlog teen Duitsland en sy bondgenote voortsit. Ongeveer nege maande later, in November 1917, is die Kerenski-regering omvergewerp deur die Bolsjewiste onder Lenin en Trotski, wat oorspronklik die Kerenski-revolusie ondersteun het. Ook die Lenin-regering het met 'n pragtige program voor die dag gekom: 'n Onmiddellike wapenstilstand sou met Duitsland en sy bondgenote gesluit word, die ganse Russiese bodem sou die eiendom van die Russiese boere word, kerk en staat sou van mekaar geskei word, ens. ens.

In die huidige Europa gebeur daar veel wat aan die Kerenski-geskiedenis herinner. Daar is vandag in die sogenaamde bevryde lande van Europa 'n groot aantal Kerenski's. Hierdie nuwe regeringshoofde in lande soos Suid-Slawië, Griekeland, Italië, Frankryk, België en Pole het almal, net soos Kerenski, hul werk in revolusionêre omstandighede aanvaar. Net soos Kerenski is ook hulle aanvanklik deur linkse of kommunistiese elemente ondersteun. Net soos in die geval van Kerenski is dit vandag hierdie kommunistiese elemente wat aan die nuwe regeringshoofde die meeste hoofbrekens besorg. Net soos in die Rusland van 1917 is daar vandag in die bevryde Europa 'n onmiskenbare verskuiwing na links. In 'n paar lande soos Pole, Suid-Slawië en Italië is die nuwe Kerenski's alreeds deur die linkse vloedgolf oorweldig. Dit is moontlik dat die Kerenski's van ander bevryde lande soos Frankryk en België nog 'n tydlank deur die bajonette van die Geallieerdes gehandhaaf sal word. Met die bajonet kan 'n mens tog enigiets doen, hoewel jy net nie daarop kan sit nie. Dit is te betwyfel of hierdie nuwe regeringshoofde, wat hul magsposisie veral aan die buiteland en nie aan die eie volk te danke het, die huidige kommunistiese vloedgolf binne hul eie lande sal kan oorleef.

Daar bestaan nog 'n verdere analogie tussen die Rusland van 1917 en die Europa van vandag. Net soos die keiserlike Duitsland in die eerste Wêreldoorlog die kommunistiese Lenin gesmokkel het na Rusland om die Russiese oorlogspoging te rysmier, so het die Geallieerdes in die huidige oorlog weerstandsbewegings in die Duits-besette lande georganiseer en bewapen ten einde die Duitse oorlogspoging te ondergraaf. In albei gevalle het hierdie rysmierwerk boemerangagtige gevolge gehad. Die Russiese Bolsjewisme het 'n gevaarvolle aansteeklike siekte vir Duitsland geword net soos die bewapende weerstandsbewegings in Frankryk, België, Griekeland en Italië vandag 'n gevaar vir die Geallieerdes uitmaak. Vandaar dan ook die pogings om hulle te ontwapen.

**ENIGE BRITSE SORGE**

Ten spyte van hul militêre suksesse in die weste en in die ooste, het ook die Geallieerdes, veral die Britte, sorge genoeg om die lewe te vergal. Uit die oorsese berigte van Sapa-Reuter gedurende die kortstondige tydverloop van 24 uur verneem ons b.v. van die bedanking van die Poolse premier, die Britse beskermling, die bedanking van die Italiaanse premier, 'n ander Brits-Amerikaanse beskermling en 'n ernstige kabinetskrisis en onluste in Kanada. Uit 'n ander lid van die Britse Statebond, nl. Australië, verneem ons van 'n verskriklike droogte en 'n tekort aan steenkool. Churchill en Eden se besoek aan Parys is gevolg deur 'n gebrom van die Russiese beer dat die Franse hul blik ook ooswaarts en nie alleen weswaarts moet rig nie. Parys se reaksie op hierdie gebrom was om dadelik 'n Franse besoek aan Moskou in die vooruitsig te stel. As in die „demokratiese" Rusland verder op die „ernstige noodsaaklikheid" gewys word van „groter eenheid en samewerking" onder die vakbonde in die „demokratiese lande", dan sal kapitalistiese elemente in Angel-Saksiese lande seker nie gerus voel nie.

Die grootste terugslag wat die Britse prestige in die jongste tyd gely het, staan sonder twyfel in verband met die bedanking van Mikolajczyk, die Poolse premier wat in Londen setel. Die Britse waarborge aan Pole wat in Augustus 1939 so luidrugtig in die wêreld uitgebasuin is, word vandag doodgeswyg as die Russiese beer brom. Die Britse leeu van 1939 ten opsigte van Pole, het vandag 'n mak lammetjie geword. Agter die bedanking van die Poolse premier, wat nog onlangs saam met Churchill besoek in Moskou afgelê het, skuil 'n tragedie wat selfs in die tragiese Poolse geskiedenis sy gelyke waarskynlik nie het nie. Die doodvonnis oor die Britse beskermling, die Poolse regering in Londen, is in Moskou voltrek. Die Kremlin se Poolse komitee in Lublin het die oorwinning oor die Poolse regering in Londen behaal. Roosevelt en Churchill se portrette sal nie alleen nie in Belgrado nie, maar ook in Warschau nie geslen word nie, maar wel die Rooi Ster en die Hamer en Sekel.

**ONGELEERDE JINGO**

Die Cape Times het dit verlede week weer nodig gehad om die Engelse in 'n baie lang hoofartikel te waarsku teen die oogmerke van die Ossewabrandwag. Hy skimp op die leiers van die Beweging wat hulleself dan generaals noem, terwyl nie een van hulle „sover as ons kan nagaan", al ooit 'n skoot gehoor het nie, lui dit.

'n Mens verwag natuurlik nie van 'n verwaande jingo om bekend te wees met die Afrikaanse oorlogsliteratuur nie, anders sou hy geweet het dat minstens twee O.B.-generaals reeds boeke uitgegee het waarin hulle hul oorlogsherinneringe opgeteken het — genl. J. A. Smith en genl. Henri Slegtkamp.

## SKITTERENDE YWER VAN OU MOEDER

Uit Vryburg word berig dat sover dit bekend is, het mev. Barry Grobbelaar, die oudste Brandwag in die C. R. de Wet-Kommando, onder die vroue die hoogste bedrag gestort vir ons laaste fondsdag, nl. £20. Die bedrag is verkry deur die verkoop van puik handwerk wat ouma Grobbelaar maande aaneen onvermoeid aan gewerk het. Verder word berig dat sy nou reeds weer £5 se handwerk verkoop het vir volgende fondsdag. 'n Skitterende prestasie van vlyt en toewyding! — (Ingestuur).

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10, . . HUGENOOT, K.P.

*BOLAND BOTTELSTOOR*
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984.

**LUCERN en AARTAPPELS**
STUUR U PRODUKTE AAN
**UNIE PRODUKTE AGENTSKAP**
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

DEFTIGE SOMERSHOEDE
*in groot verskeidenheid*
by
Steyns
Parow se Moderne
DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

*ASOKOR Beperk*
Bied U . . . .
ASOKOR BEPERK, die grootste ontwikkelingsmaatskappy van ons tyd, bied u, op sy terrein, 'n veilige en winsgewende beleggingsgeleentheid aan.
*Skryf aan:*
**ASOKOR BEPERK**
Posbus 402,
*BLOEMFONTEIN.*

Kersfeeskaarte
*Kersfees en Nuwejaar kom!*
*BESTEL NOU!*
Pragtigste versameling ooit aangebied.
*Prys 6/- per dosyn posvry*
*Bestel regstreeks deur:—*
**DIE BOEREJEUG**
Posbus 5754, SPOORBONDKASGEBOU, JOHANNESBURG.

# Met Paul Kruger Se Geboorte Het Britte Nog Op Stokke Boekgehou

## Verregaande Vasklewing aan Verouderde Instellings

**Britse konserwatisme is 'n bekende eienskap, maar min mense is werklik bewus van die verregaande agterlikheid in die Britse regeringstelsel, nie net vandag nie, maar deur al die eeue heen. Op die oomblik toe die Britse regering in Suid-Afrika die Boerevolk met wetgewing wou dwing om Engelse te word en toe 'n man soos Frederik Bezuidenhout hom teen die Britse regeringsmetodes tot die dood toe moes verset, het die Engelse parlement nog nie eens van pen en papier gebruik gemaak om sy geldelike state op te stel nie, dog van kerfstokke soos die barbare dit gedoen het.**

In sy boek „Number — The Language of Science" haal Tobias Dantzig 'n toespraak van Charles Dickens, bekende Engelse skrywer, aan waarin hy hierdie bekrompe toedrag van sake hekel. Hy verklaar dat dit wonderlik is dat die Engelse kerfstok-metode van rekening baie eeue ná die invoering van moderne skryfgereedskap bly voortbestaan het.

In sy toespraak het Dickens o.a. as volg verklaar: „Eeue gelede is 'n barbaarse metode van rekening op kerfstokke in die kantoor van die skatkis ingevoer en die boekhouding is omtrent op dieselfde wyse gehou as wat Robinson Crusoe sy almanak op die eiland gehou het. **'n Menigte rekenmeesters, boekhouers en wiskundiges is gebore en het gesterf — en nog het die staatsroetine vasgekleef aan daardie kerfstokke asof hulle die pilare van die konstitusie was, en nog steeds het die Minister van Finansies sy geldelike verslae op stukkies olmhout bewaar, die sogenaamde kerfstokke.** Tydens die regering van George III is deur die een of ander revolusionêre gees die vraag geopper of daar met die oog op die bestaan van penne, ink en papier, leie en potlode voortgegaan moet word met hierdie vasklewing aan 'n verouderde gewoonte en of daar nie 'n verandering aangebring kan word nie.

EERS IN 1826

**Al die rooi lint in die land het nog rooier geword toe hierdie moedige en oorspronklike opvatting uitgespreek is, en dit het tot 1826 geduur voordat die kerfstokke afgeskaf was.**

In 1834 is bevind dat daar 'n geweldige ophoping van hulle was, en die vraag het toe opgekom wat met al hierdie uitgediende, deur wurms gevrete, verrotte stukke hout gedoen moes word. **Die stokke is in Westminster bewaar en dit sou vanselfsprekend by elke intelligente mens opgekom het dat niks makliker sou gewees het as om dit deur die arm mense van die omtrek te laat wegdra vir vuurmaakhout nie. En tog, hulle was nooit waardevol nie en die amptelike roetine het vereis dat hulle dit nooit sou wees nie; die opdrag het dus gekom dat hulle in alle privaatheid en vertroulikheid verbrand moes word.** Dit gebeur toe dat hulle in 'n stoof van die Hoërhuis verbrand is. Maar die stoof wat oorstop was van hierdie belaglike stokke, het die panele aan brand gesteek, die panele het die Laerhuis aan brand gesteek en die twee huise is tot as verbrand".

**Geen wonder dat die Britse staatsmanne 'n wêreldoorlog laat ontbrand het om hul ou afgeleefde demokratiese stelsel van vernietiging te red nie! Ongelukkig het die verbranding van die Britse demokrasie nie net die Britse parlement in as gestort nie, maar die hele wêreld.**

*Ondersteun Ons Adverteerders*

# Ge-interneerdes se Waardering Vir O.B.-Noodhulpfonds

**Die Sekretaris van die Noodhulpfonds het onderstaande briewe ontvang in verband met hulp aan afhanklikes van geïnterneerdes verleen:**

Van mev. M. Vosloo (Carolina):

„Ek wens hiermee my innige dank en waardering uit te spreek vir die hulp en bystand aan my verleen deur die O.B.-Noodhulpfonds gedurende die tyd wat my man in gevangenisskap verkeer het, asook vir die hulp met ons vervoerkoste. Daar ons grotendeels van u ondersteuning afhanklik was, kan ons nie in woorde ons dank uitspreek nie. Daar my eggenoot 'n betrekking het ,is verdere ondersteuning nie meer nodig nie. Nogmaals sê ons baie dankie vir u hulp en vriendelikheid; **u het os nooit laat voel dat ons liefdegawes ontvang nie, inteendeel, ons het vry en onafhanklik gevoel en was die taak soveel ligter vir ons, en was die opoffering des te makliker.** Mog die seën van die Here op hierdie groot volksaak rus en ons as volkie sterkte en moed gee vir die toekoms".

* * *

Van mev. M. C. Bothma (Breyten):

„Hiermee wil ek u bedank vir die tjek wat ek ontvang het. Ingeslote is my erkenningsvorm vir November.

„Dit is vir my aangenaam om u mee te deel dat my man van 1 Des. af 'n betrekking aanvaar het by 'n firma te Pretoria.

„Dit is vir my onmoontlik om my dank uit te spreek vir die finansiële en morele bystand wat ek gedurende die afgelope 34 maande van u ontvang het.

**„Dit sal vir my aangenaam wees om in die toekoms my deel by te dra tot 'n fonds wat reeds soveel ontbering in die verlede gelenig het".**

• • •

Van mnr. W. A. J. Fourie (Middel-Transvaal):

„Na 31 maande van tronk ,internering en arres kan ek u nou meedeel dat die regering my my vryheid teruggegee het.

„Nogmaals wil ek u namens myself en my eggenote, en deur u die beweging waaraan ons so ontsaglik veel te danke het, van harte bedank vir die bystand wat u ons verleen het gedurende my internering en daarna.

**„Ek glo nie dat 'n mens ooit die persoon aan wie die O.B.-Noodhulpfonds sy ontstaan te danke het, kan beloon vir al die goed wat die Beweging aan al die verdrukte Afrikaners gedoen het nie. So'n persoon en so'n Beweging kan alleen deur die Allerhoogste vergoed word vir hulle weldade.**

„Dit is ons innigste wense dat diegene wat in die verlede bygedra het tot die Noodhulpfonds daarmee sal voortgaan ten einde u in staat te stel om ook met u groot en edel werk voort te gaan.

**„Sodra ek weer 'n verdienste het, kan u verseker wees op ook ons bydrae tot stywing van u fonds".**

**Tafelmatte van papiermoes: Maak papier nat en stamp goed fyn. Kook 'n dik pap van boermeel en water en gooi papier daarin. Kook dit goed deur, roer altyd. Gooi uit op 'n gelyk plank en laat goed droog word. Saag in fatsoene vir tafelmatte. Poleer en verf blommetjies daarop.**

(Vervolg van bladsy 2, kol. 4)

die belangrike werk vir die Nasionale Party gedoen het sonder om aan die party te behoort, en daarom meen hulle dat hy en alle O.B.'s vandag weer vir die H.N.P. kan en moet werk sonder om daaran te behoort!

# „Demokrasie Soos Ons Hom Ken Is Britse Parlementêre Stelsel"

## Dr. Malan Wou Dit Wegveeg in 1941

Die volk word op die oomblik oorstroom deur 'n vloedgolf kwaadwillige en misleidende propaganda omtrent die oogmerke van die Ossewabrandwag wat dan so volksvreemd sou wees in vergelyking met die demokratiese en parlementêre neigings van die H.N.P. Die O.B. se strewe na 'n gesagstaat en die afskaffing van die parlementêre stelsel, word aan die volk voorgehou as 'n uitheemsheid uit Moskou, terwyl die H.N.P. dan die Boeretradisie nalewe met sy parlementarisme. So kla Die Oosterlig, Die Burger en mnr. J. G. Strydom in een asem dat die O.B. die parlement wil afskaf en die volk wil uitlewer aan 'n diktatuur. Ons publiseer hieronder 'n gedeelte van dr. Malan se toespraak te Stellenbosch op 25 Maart 1941, soos gepubliseer in 'n brosjure van die H.N.P. self onder die titel „Die Republikeinse Orde". Die aanhaling kom voor op bladsy 15:

„Die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse parlementêre stelsel, wat ons nie met die demokrasie moet verwar nie — is 'n karikatuur van demokrasie. **Wat dit betref, het spr. geen beswaar dat dit weggeveeg word nie. Dit berus op persoonlike en groepebelange wat teen mekaar bots. 'n Wedloop ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseerd is. Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering. Daar gaan verlore die houding wat vra: Wat doen ek vir my volk, en nie wat vra: Wat doen my volk vir my nie.**

**„Demokrasie soos ons hom ken, werk dus nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbrokkeling . . .**

„Ons het die toestand dat 'n deel van die volk deur armoede afhanklik geword het. Hoe meer hulp daardie seksie kry, des te meer word die demokratiese stelsel 'n diktatuur, want afhanklikheid beteken dat die regering wat aan die bewind bly, van die afhanklikheid misbruik maak. Waar daar op hierdie manier intimidasie kom, is daar geen demokrasie nie — dit is 'n karikatuur.

„Maar hoe word ook die publieke mening gevorm? het spr. gevra. Dit is veral deur die pers, wat die skool vir volwassenes is. **Daardie pers is nie vry nie. Dit is in die lewe geroep deur sekere geldelike belange. Die pers moet sy baas dien (dr. Malan se party is die baas van die Nasionale pers — Red.) en op die wyse word die publieke mening in Suid-Afrika gemanipuleer deur die geldmag. Waar dit die geval is, het die demokrasie 'n diktatuur geword, en daardie soort demokrasie moet weggevaag word.**

„Dr. Malan het gesê dat die demokrasie soos ons hom ken, die Britse parlementêre stelsel is. Daar is ook ander vorms van demokrasie en hulle verskil van mekaar . . . **As ons praat van demokrasie wat ons nie wil hê nie, dan het ons in gedagte die Britse parlementêre stelsel, 'n stelsel wat 'n karikatuur is".**

Maar as die Ossewabrandwag vandag hierdie selfde taal praat wat ons almal drie jaar gelede gepraat het, kla dr. Malan en sy spreekbuise dat die O.B. 'n vreemde stelsel op die volk wil afdwing, 'n diktatuur soos dit in Moskou bestaan!

Dit alles bewys hoe vals die hele stryd teen die Ossewabrandwag is. Omdat dit vir hulle lyk of die Britse demokrasieë die oorlog gaan wen, verkondig hierdie politici nou weer demokrasie en parlementarisme. Daarom kla Die Oosterlig en Die Burger as die Ossewabrandwag sê hy wil die „parlement se nek gaan omdraai".

*PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MÔREMARK (Posbus 7185) NEWTON



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando

-SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

RH 7788

*BEGRAFNISVERENIGING*

SAFFAS BPK. - LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.

Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.

DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK.

(Geregistreer onder die Versekeringswet)

82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,

JOHANNESBURG.

SASBANK

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266

WORCESTER:— Posbus 57

KAAPSTAD:— Posbus 2387

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

**BRINK — VAN DER WALT:** Die verlowing van Aletta van der Walt, verpleegster, Nasionale Hospitaal, Bloemfontein en A. Brink (Toy) van Cyferlaagte, Edenburg, word hiermee bekend gemaak.

### DANKBETUIGING

**VAN DER MERWE.** — Aan Gebiedsgeneraal C. L. de Jager, Genle. C. Meyer, en alle offisiere en brandwagte: Vir die mooi geskenk waarmee ons begunstig is, wil mev. Van der Merwe en ekself, u ons hartlikste en dankbare erkenning bied. Die blyke van waardering vir die werk verrig in belang van ons volk in die Ossewabrandwag-geledere sal ons steeds hoog op prys stel en altyd na vermoë 'n ereplekkie gee. Die dienstyd van 22 maande aan Hoofkwartier het gepaard gegaan met opoffering, maar die spanmaatgees daar ondervind sal altyd bly voortleef en in dankbaarheid onthou word. Ons sê baie dankie vir die woorde daarop aangebring. Hoofgenl. en mev. J. F. v. d. Merwe.

### PERSOONLIK

**BARBICAN-ATELJEE.** — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

**DAMES en Here Haarkapper. Permanente** haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**EXCELSIOR HAARSNYERS SALON.** Sewe Haarsnyers in diens. Sigarette, Boeke, Skilderstukke ens. Ons herstel ook horlosies. **Volkskasgebou, Markstraat 76, Johannesburg. Eienaar J. J. Boshoff.**

EKSELF agter geslote deure. — 'n Mens wil nie weet dat hy kleiner of swakker of ligter of „slegter'' as ander is nie; daarom is skinderpraatjies en slegmakery so heerlik— om ander af te druk en te verkleineer sodat EKSELF groter en beter kan vertoon of voel. Daar is egter positiewe en veel beter maniere van selfverheffing en selfverbetering. Vra die **Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria,** vir hul gratis brosjure oor „Persoonlike Magnetisme en Selfverbetering."

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. **A. P. Swart** vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. **Carolinestraat 95, Brixton.** Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific **Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.**

ONS weet u verkies om u vendusies in die Transvaal in Afrikaner hande te gee.— **Tot U Diens — Wesrandse Venduafslaers** (Edms.) Beperk, **Posbus 46, Maraisburg.** Foon 62-1764 of **Posbus 245, Krugersdorp.** Foon 66-2799.

**POPULÊRE RESTAURANT;** Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

RAADPLEEG H. J. van Zyl, 12de Straat 85, Parkhurst vir die koop van 'n huis op die Rand en vir enige vorm van Assuransie.

### BETREKKING VAKANT

BENODIG vanaf Januarie 1945 'n onderwyser(es). Beginner. Afrikaans-medium. Goewerment Sillabus; meld kerkverband, ouderdom, ondervinding, musiek en salaris verlang. **Mev. Meyer, Dejagersdrift-stasie, Natal.**

BENODIG begin Januarie. (1) moedershulp vir seuntjie van 18 maande. (2) Diensmeisie vir algemene werk met kennis van kook. Beginsalaris vir albei £4 per maand plus uniform. Skryf en sluit in getuigskrifte van gedrag en bekwaamheid aan **Van Zyl, Tullyallenweg, Rondebosch.**

### VAKANSIEPLAAS

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal.** Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, **mev. A. Badenhorst.**

### TE KOOP

BESOEK of skryf aan ons vir huis- of kantoormeubels. (Meld wat u nodig het). Gratis verpakking en spoorvrag. **Springbok-Meubels, Victoriaweg 171. Woodstock.**

**BOEGOE.** — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet. 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

BESTEL dadelik dagoud kuikens vir November aflewering. 1.000 Australorps. 1.000 Leghorns en 1.000 kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Beskikbaar weekliks. Prys £5 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6203.**

# Sjina Deur Demokrasie Uitgelewer Aan Kommunisme

**Ondanks die feit dat mense soos genl. Smuts praat van die Russiese kolos wat Europa na die oorlog gaan beheers, bly die Geallieerdes in hul magspolitiek nog steeds blind vir die gevare wat hulle vir hulself en die wêreld skep deur hul hulpverlening aan kommunistiese Rusland. Met sy vyfdekolonne is Moskou in elke land, ook Suid-Afrika, stewig ingegrawe. Aan die grens van Spanje vind daar 'n mobilisasie plaas om die nasionale bewind van Franco omver te werp en die Geallieerde pers bejeën hierdie kommunistiese bedrywigheid met groot simpatie.**

Ook in Sjina is daar 'n sterk kommunistiese vyfdekolonne wat hom — net soos die kommuniste in Suid-Afrika — voorlopig met die oorlogspoging teen Japan vereenselwig maar intussen hul mag opbou om Sjina na die oorlog in 'n kommunistiese staat te omskep. **Anders as in die Suid-Afrika en die Geallieerde lande, het die Sjinese leier, Tsjiang Kai-sjek, nog 'n ope oog vir hierdie gevaar en hy is versigtig om hierdie rooi hordes onder beheer te hou.**

Hierdie versigtigheid het egter nie ooreengestem met Amerika en Engeland se beleid van opoffering aan Rusland terwille van die oorlog nie. Amerika het genl. Stilwell na Sjina gestuur om die oorlogspoging daar te organiseer. **Hy het namens Amerika geëis dat Tsjiang Kai-sjek sy stryd teen die kommuniste moet staak. En om samewerking met hulle makliker te maak, het hy geëis dat die oorlogsminister en stafhoof, Ho Jing-tsiang, uitgeskop moet word omdat hy 'n sterk teenstander van die kommuniste is.** Die Sjinese leier het egter geweier om sy land goedsmoeds aan 'n erger vyand uit te lewer as die Japanners. Stilwell is teruggeroep, en Amerika het gedreig om Sjina in die steek te laat. Die New York Times het o.a. geskryf: „Ons kan selfs nie 'n druppel bruikleengoed verskaf as dit aangewend gaan word in 'n burgeroorlog of in reserwe gehou word om enigeen se persoonlike mag op te bou, of dit nou dié van Tsjiang of dié van provinsiale krygshere is". Die blad het aangedring dat Sjina Amerika se militêre leiding moet aanvaar in ruil vir Amerikaanse hulp en dat hy dan sy hele gewig teen die Japanners moet inwerp **„in plaas van 'n groot deel onbedrywig te hou of te laat wag staan teen sy politieke teenstanders". Verder is op Tsjiang 'n beroep gedoen om persvryheid en vryheid van meningsuiting, m.a.w. kommunistiese propaganda, toe te laat.**

Dit was teen die einde van verlede maand. Tans berig die pers dat veranderings in die Sjinese kabinet aangebring is ,waarvan die belangrikste is die vervanging van genl. Ho Jing-Tsjiang, hoof van die Sjinese generale staf sedert 1930 ,deur genl. Hen Tsjeng. **Reuter berig in die verband dat die nuwe regering „meer liberaal" is as die vorige deurdat die „leiers van die reaksionêre vleuel", d.w.s. die anti-kommuniste, daaruit verwyder is.**

So gebruik demokratiese Amerika sy mag om 'n groot land uit te lewer aan Moskou se vyfdekolonne.

### TE KOOP

GOED gebaalde eerstegraad lusern teen 4/6, tweedegraad 4/-, alles per 100 pond, v.o.s. Kirkwood. **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

HEERLIKE tafelheuning in 1-pond bottels teen 23/- per dosyn en in 60 lb. blikke teen 1/6 per pond. v.o.s. Kirkwood. **J. H. Stiemie. Bus 46. Kirkwood.**

KAROOMIS. — Gemaal met hamermeul. Los in trokke. 10 ton teen 29/- per ton: 50 ton en meer 26/6 per ton. In koper se sakke 28/- per ton — 50 ton en meer 25/6 per ton. In ons eie sakke 11/- per ton meer. K.M.B. V.O.S. **G. J. C. v. d. Vyver en Kie, Nelskraal, Sheldon, K.P.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220. Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

O, dit is „Cool Crisp'' Komkommersaad: 17/- per pond. 9/- halfpond. Chantenay en Nantes wortelsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.

BEETSAAD. Egiptiese plat. 15/- per pond. 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad. 6/- per pond. 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadkweker, „Rus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

SOUT SOUT SOUT

KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS ONMIDDELLIKE AFLEWERING!

No. 1.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. No. 2: Gemaal 8/-; Grof 6/-. No. 3: Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.**

**SPEELSKEIE.** — Bottelskeie teen 3/9; vierkantige koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.**

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

### WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3 2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock. Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0 Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

### BOEREJEUG VAN ALHEIT HOU KONSERT

Gedurende die laaste kort vakansie het die Boerejeug van Alheit besluit om 'n konsertjie te hou ten behoewe van die Noodhulpfonds. Die onderneming was baie geslaagd en die gehoor is vergas op 'n groot verskeidenheid items. Die mooi bedrag van sewe pond is ingebring. — (Ingestuur).

### GROOTSKAALSE VERMORSING IN LEER

Die vermorsing van die belastingbetaler se geld deur die Departement van Verdediging moet enorm wees as dit gemeet word aan die hand van voorbeelde hier en daar. Vir reisigers langs 'n sekere weg in die Skiereiland is dit geen geheim dat die regering daar vir die afgelope drie jaar 'n massa staal laat lê en verroes wat hom seker 'n aansienlike bedrag moes gekos het. Dit is onderdele van konstruksiewerke wat spesiaal deur die Verdedigingsdepartement laat vervaardig is, maar tans nutteloos langs die grootpad lê.

'n Ander geval is dié waar die departement omtrent drie jaar gelede 'n groot hoeveelheid waterpype en toebehoorsels, waaraan die land op die oomblik 'n groot tekort het, bestel en na die betrokke militêre kamp laat aanry het. **Dit beloop 'n paar duisend pond, maar na drie jaar is dit nou in so'n verroeste toestand dat dit waarskynlik nooit weer gebruik sal kan word nie.**

Nog 'n voorbeeld is die waar die Departement vir 'n sekere pypleiding oliepompe bestel het teen 'n koste van etlike honderde pond. Nadat die goed reeds afgelewer was, is bevind dat dit nie by die pyplyn pas nie, en die betrokke firma weier om dit terug te neem. Of die regering in sulke gevalle die goed dadelik aan die publiek sal verkoop, is te betwyfel aangesien dit 'n refleksie op die regering se administrasie sal wees.

Hierdie is maar net enkele voorbeelde van verkwisting, maar dit kan beskou word as 'n weergawe van wat in die Verdedigingsdepartement aangaan. Ook wat voedsel betref, gaan dit in die militêre kampe by die grootmaat waar dit op vermorsing neerkom. Daar was 'n tyd toe soldate soveel wit brood ontvang het dat hulle net die korsies afgesny en dit dik met die botter besmeer het. Die res het vuilgoedbak-toe gegaan. Dit het veral gegeld vir die kleurlingsoldate, aangesien die beter opgevoede blanke die oordaad self afgekeur het.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## *VERJAARDAGKETTING*

**30 Nov.:** Salome Brink, Sutherland; Maria Basson, Bellville; Georgina Krause, Kirkwood; Susara J. Vorster, Philippolis; Jacoba W. Joubert, Rietvlei.

**1 Des.:** Bianca Vivier, Beaufort-Wes; Susanna Smit, Malmesbury; Dan du Toit, Wellington; Johannes Strauss, Daljosaphat; Christiaan J. Botha, George; Betsie de Villiers, Rustenburg; Francina van Wyk, Rustenburg; Stephanus J. Pretorius, Boshoop; Gert Snyman, Rustenburg.

**2 Des.:** Willem P. J. Swanepoel, Beaufort-Wes; Christie Jones, Malmesbury; Hulda Bezuidenhout, Bellville; Johanna van der Merwe; Wellington; Colette Nel, Stellenbosch; Sally Zeeman, Parow; Anna Moller, Paarl; Hester H. Louw, Fraserburg; Love Kapp, Glenroy; Cornelia van Eeden, Stellenbosch.

**3 Des.:** Maria Deysel, Pearston; Lidia du Preez, Kirkwood; Dina Briedenhaan, Boskuil; Johan van Heerden, Rustenburg.

**4 Des.:** Jannie Stander, George; Alex Westraadt, George; Hendrik W. Myburgh, Merweville; Aletta de Villiers, Maitland; Willem Jooste, Loxton; Magdalena van der Merwe, Boskuil; Jacobus J. le Roux, Potchefstroom.

**5 Des.:** Willem P. Burger, Brandvlei; Jacobus Bruwer, Lambrechtsdrift; Hettie Riekert, Rustenburg; Willem Steyn, Koedoeskop.

**6 Des.:** Grieta Marais; Pearston; Victor H. Kersfelder, Kirkwood; K. Burgers, Bellville; Willem H. Krichner, Zoetdoorns.

## NOODHULPFONDS

**GEBIED „A"**

vanaf 25 Augustus tot 25 September 1944.

Kom. A: 10c7 £2; 9a7 £4; Veldskoenkring £1-1-6; 8b6 £5-4-6; 9a6 £20; 3b2 12/6; 3b7 15/-; 6a2 £8-4-9; 10c8 £11-9-0; Bloulys No. 1 £1-6-9; Remskoen Toneelvereniging 10/-; Veldskoenkring £1; Theodore 4/-; Vriendin Kaapstad £1-16-0; Vriende Bellville £2; Vriend Bellville 10/-; 8a7 £2-2-0; 1a3 £9-12-10; 10c7 £5; 6b7 £1-7-6; 3c8 £5; 15a8 £7-5-0; 8b6 £5-4-6; Veldskoenkring £1-1-0; 2b2 £3-15-0; 14a7 £1-2-6; 12b4 £13-6-9; D. F. de Swart Oos Londen £1-1-0; 15b7 16/3; C. J. P. v. d. Walt Oudtshoorn 5/-; Vriend Oudtshoorn £2; N. Ehlers, St. Helenabaai £1; J. M. de Villiers van Rhynsdorp £5; J. de Wet Villiersdorp £6-6-0; 1c6 £1-12-6; 1c8 £15; Remskoen Toneelvereniging £10-12-10; Remskoen Toneelvereniging 7/6; Remskoen Toneelvereniging 4/6; Karoobossies £2-2-0; Arbeidsdiens £1-11-6; Veldskoenkring 16/6; Veldskoenkring £1-8-0; 3b6 £38-3-2; 4 £5-12-6; 1a8 £4-3-6. Totaal £213-13-10.

**GEBIED „B"**

Oktober 1944

Kom. B6a2 en B6a7 £5; Komdt. G. M. Hattingh, Tarkastad 2/6; Wagafdeling £3; Komdt. I. J. Haarhoff, Graaff-Reinet £3-5-0; Motorossies, Cradock £5. Totaal £17.

**GEBIED „C"**

vanaf 25 Sept. tot 25 Okt. 1944.

Kom. C: 1a7 £7-16-0; 2a1 en 2a6 £1; 5d6 £2-7-0; 6a1 £1-6-6; 6a2 £1-7-6; 6a6 £4-2-6; 6d6 10/-; 6c7 10/-; 8a7 £6; 9b1 £3; 9b6 11/9; 9c6 £12; 10a1 £4-11-0; 10a3 £3; 10a8 £4-3-0; 10b6 £1-0-3; Generaalskap C11 £67-3-0; Hoofkwartierstaf 18/-; S. Wolmarans, Bloemfontein 10/-. Totaal £121-16-6.

**GEBIED „D"**

vanaf 25 Sept. tot 25 Okt. 1944.

Kom. D3c1 £7-14-0; C. A. Pienaar £2-10-0. Totaal £10-4-0.

**GEBIED „E"**

vanaf 26 Sept. tot 25 Okt. 1944.

Kom. E: 9b8 £20-6-3; 5a3 £2-16-6; 5a1 £3-6-0; 5a6 £8-18-0; 5b2 £6-5-6; 5b3 £107-6-11; 5b6 £8-17-3; 5b8 £107-6-11; 5c2 £11-13-0; 5c3 £18-8-0; 5c6 £4-1-0; 1c3 £2-8-6; 2b2 £1-11-0; 2a3 £4-1-0; 9b6 £6; 2b6 £3-12-0; 6b7 £1-10-0; 1b1 £10-9-0; 1b2 £12; 8a6 £6-15-6; 8a7 £2-17-0; 4b7 £1; Bydrae £1; 2b3 £1; 10c7 £4-13-4; 2a7 £6-6-3; 3a1 £6-9-0; 3a2 15/6; 3a6 £2-7-0; 3a7 8/-; 3b1 £1-15-6; 3b6 £3-15-6; 3c1 £4-4-3; 3c4 £1; 3c6 £3-1-6; 3c7 17/6; 3c9 £3-12-0; 5a3 £4; 5a6 £15-19-6; 5a7 £3-0-6; 5a8 £7-5-6; 5b2 £3-17-6; 5c1 £36-15-1; 5c2 £14-16-1; 5c3 £28-9-0; 5c6 £5; 2a2 £6-2-11; Bydrae 18/-; Bydrae 2/-; 6b4 £11-13-0; 9b3 £8-4-0; 8a4 £2-15-0; 4b1 £1-15-0; 7b2 £1-10-0; 7b7 £1-10-0; 2c3 £2. Totaal £548-7-9.

**GEBIED „F"**

Oktober 1944.

Kom. F: 1b2 £9-3-0; 2b7 £1-18-9; 3a1 £5-15-9; 3a2 £5; 3a6 £1-15-0; 4a1 £2-5-0; 4a3 £5-14-0; 4a6 £3-12-6; 4b1 £7; 4b6 £2-13-6; 4b7 £4-2-0; 4b8 £18-17-3; 4c3 £8-15-6; 4c6 £25-19-6; 4c7 £1-3-0; 6a6 15/-. Tot. £104-9-9.

**BOEREJEUG — GEBIED „A"**

vanaf 25 Aug. tot 25 Sept. 1944.

JA15c8 £3; JA13b7 £1-8-2; JA8a8 £3-2-3; JA2b6 5/-. Totaal £7-15-5.

**GEBIED „B"**

JB3a2 10/-; Jeugkomdte. mej. F. Duvenage, Steynsburg 5/-; JB1c1 en c6 10/-; JB3a2 10/-. Totaal £1-15-0.

**GEBIED „C"**

Bydrae deur mej. Lenie Keuler, Oupos, Blikfontein £2.

**GEBIED „F"**

Lina Stevens 10/-; JF5b6 £5-0-6. Totaal £5-10-6.